Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

FEBRUARIE 2016

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

SEARTEC-OVERSTRAND SE MEESTERSGOLFTOERNOOI DRA 'n NETJIESE 80K BY TOT VROEËKINDERONTWIKKELING

'n Jaar of twee gelede het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie, en die area se toerisme-ambassadeur, Bob Skinstad, koppe bymekaargesit oor wat die beste manier sou wees om hul "voorspoed" met ander te deel en tegelyk ten goede 'n impak te hê op die wel en weë van Overstrand se mense en sy omgewing. Die resultaat van hierdie dinkskrum was die Seartec-Overstrand-meestersgolftoernooi wat pas vir die tweede opeenvolgende jaar met groot sukses aangebied is.

Dié geleentheid is in die loop van November verlede jaar aangebied by die prentjiemooi Arabella Country Estate and Golf Club met die ondersteuning van Seartec (verspreider van Sharp-produkte), die borg waarna die geleentheid vernoem is, en die Spar-kleinhandelsgroep as reusebydraer. 'n Allemintige R80 000 is in die proses ingesamel waarvan alles aangewend sal word om die beleggingsinstrument bekend as die "Nicolette-trustfonds" te versterk - 'n fonds wat uitsluitlik ten doel het om sentrums vir vroeëkinderontwikkeling toe te rus met dit wat hulle nodig het om 'n veilige, gesonde, stimulerende en holistiese leeromgewing te skep vir die kindertjies wat aan hulle sorg toevertrou is.

Hierdie inisiatief word nie net ten volle deur die plaaslike gemeenskap en 'n aantal vername rolspelers ondersteun nie, maar geniet ook die volle steun van die departement van maatskaplike ontwikkeling.

Toe Bob Skinstad die opbrengste aan Botha-Guthrie oorhandig, kon sy nie anders as om effe aangedaan op te merk dat "hierdie fantastiese toonbeeld van samehorigheid tussen deelnemers, borge, donateurs en die algemene publiek weereens gaan help om te verseker dat ons oor die middele beskik om seker te maak dat die opvoeders, praktisyns en fasiliteite aan wie hierdie allerbelangrike fase van opvoeding toevertrou is, nie oor die hoof gesien word nie en dat hulle na behore toegerus word. My innige dank aan Seartec en almal wat hieraan 'n aandeel gehad het."

In reaksie op die lof wat die Burgemeester hom toegeswaai het, het Skinstad, 'n voormalige Springbokkaptein, tong-in-die-kies opgemerk dat aangesien hy nou 'n uitgetrede rugbyspeler is niks lekkerder kan wees as om sy "ander" gunsteling sport, dit wil sê golf, te beoefen nie. "En dit boonop in 'n deel van die Kaap wat vir my die mooiste is. Voeg hiertoe by dat ek boonop 'n aardige bedraggie vir 'n verdienstelike saak kon insamel en ek wonder of daar iets is waarvoor mens nog sou kon vra," het hy geskerts.

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie, glimlag breed by die oorhandiging van 'n tjek deur voormalige Springbokkaptein en Overstrand se Toerisme-ambassadeur, Bob Skinstad. Dié tjek is vir die aansienlike bedrag wat 2015 se jaarlikse Seartec-Overstrand-meestersgolfuitdaging, gehou op 20 November verlede jaar by die Arabella Country Estate and Golf Klub, opgelewer het.

OVERSTRAND SE OORVERTELLINGE EN STORIES VIND 'n BEWARENDE TUISTE IN HAWSTON

Selfs die skroeiende hitte kon nie die geesdrif temper van diegene wat op Vrydag 4 Desember 2015 by die Thusong-sentrum in Hawston meegedoen het aan Wes-Kaapse minister van kultuursake en sport, Anroux Marais, se bekendstelling van 'n inisiatief om die mondelinge geskiedenis van die Wes-Kaap te bewaar nie.

Hierdie inisiatief is daarop gemik om die onderskeie komponente van die departement te integreer deur die stories van die uiteenlopende gemeenskappe waaruit die Wes-Kaap saamgestel is as 'n geheel saam te vat. Sodoende word lede van die gemeenskap, met in begrip van legendariese sporthelde, nie net die geleentheid gegun om hul eie stories te deel nie maar ook om hierdie allerbelangrike terugblikke wat so eie aan die aard van dorpe is, as deel van die geskiedenis op te teken. Voorts stel dit alle Suid-Afrikaners, en die wêreld as sodanig, in staat om 'n mate van insig te verkry in die vele en uiteenlopende kulture waaruit die Reënboognasie saamgestel is.

Ten tye van die geleentheid is minister Marais en Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie, verwelkom met 'n opgewekte en roerende kulturele ensemble wat aangebied is deur 'n groep dansers wat as Siyazama bekend staan en uit 'n aantal "senior jeugdiges" vanuit die omstreke bestaan wat hulself in tradisionele drag opgetooi het. Daarna is die gehoor met 'n verskeidenheid gedigte, sprokies en verhale vermaak wat deur plaaslike digters en gesiene mense in die gemeenskap voorgedra is. William Prince se "'n Stukkie Brood" met sy aandoenlike boodskap van mededeelsaamheid en inklusiwiteit het almal aangegryp en só ook die verhaal wat oorvertel is deur Juffrou Gladys, 'n onderwyseres verbonde aan Laerskool Hawston - 'n verhaal, of so lei die oorlewering, wat lui dat 'n oompie op 'n dag kiertsregop in sy kis gesit het toe die mense vir sy lykwaak opgedaag het, in stede daarvan om soos dit 'n lyk betaam, plat in sy kis te lê…

Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport, Anroux Marais, en Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Nicolette Botha-Guthrie (in die middel), oorhandig geraamde plakkate met die woorde "What's your Story?/Wat's jou Storie?" aan verdienstelike ontvangers (d.w.s. munisipale amptenare, biblioteekpersoneel en lede van die Hawston-gemeenskap) ten tye van die bekendstelling van die inisiatief om Overstrand se mondelinge geskiedenis te bewaar.

Voordat sy die podium aan die minister oorhandig het, kon Burgemeester Botha-Guthrie nie help om uit te wys hoe gepas dit is dat juis Hawston as gasheer vir hierdie geleentheid gekies is nie. Gedagtig aan die aantal toekennings wat die Hawston-biblioteek in onlangse tye ontvang het, het sy opgemerk dat veral die toekenning as "Beste Openbare Biblioteek: Jeugdienste" boekdele spreek aangesien, volgens die Burgemeester, "ons veral aandag aan die verbetering en ontwikkeling van ons biblioteke skenk omdat hulle van ontskatbare waarde is as 'n diens en 'n plek waarheen mense hulle kan wend om ons kinders op 'n holistiese wyse te ontwikkel en waarheen hulle hulself kan wend om intellektuele stimulasie te vind".

"Soos julle weet, word 'n ryke verskeidenheid artefakte en historiese gedenkwaardighede reeds in tant Doris se ou huis gehuisves. Ons hoop van harte dat plaaslike sakeondernemings en die tersaaklike staatsagentskappe hulle deel sal doen om te help dat ons die droom van 'n museum wat Hawston se vissersgemeenskap uitbeeld, tot uitvoer kan bring sodat ook hierdie kosbare kleinood bewaar kan bly," het die Burgemeester gesê.

In haar toespraak het minister Marais 'n beroep op alle gemeenskappe binne die grense van die Wes-Kaap gedoen om hul stories met plaaslike deelnemende biblioteke te deel wat juis met hierdie doel voor oë ingespan word. "Om stories uit te ruil, skep nie bloot 'n gevoel van samehorigheid nie. Dit verseker ook dat waar ons vandaan kom en dit wat ons ervaar het, nooit vergeet sal word deur daardie mense met wie ons die lewe deel en deur wie ons regeer word nie, juis sodat toekomstige geslagte ons herkoms kan vier," het Marais gesê. "Waar anders," het sy geskerts, "sal mens sulke wonderlike kampvuurstories ontdek soos die storie van die spook wat kiertsregop toegekyk het hoe sy eie lykwaak verloop?"

Die geleentheid is afgesluit met 'n oorhandiging van spesiaal vervaardigde geraamde sertifikate met die woorde "What's your Story? / Wat's jou Storie?" ter erkenning van die bydrae van diegene wat die Hawston-projek gelei het.

BIGBLUE(S) KRY 'n NUWE BAADJIE

Kleinmondfees voortaan 'n item op Paasvakansie se Spyskaart

Na aanleiding van 'n beplanningsessie wat deur die organiseerders van die jaarlikse BigBlues-fees belê is, is daar besluit om hierdie geleentheid se fokus te verskuif vanaf 'n Blueskonsert na een wat eerder aan die dorp se unieke aanloklikhede, produkte en aktiwiteite gewy word. Terselfdertyd is daar ooreengekom dat hierdie geleentheid in die toekoms tydens die Paasvakansie aangebied sal word, 'n tyd wanneer beide plaaslike en internasionale besoekers in groot getalle na die dorp stroom.

Gevolglik gaan die fees in die toekoms as die BigBlue - sonder die "s" - bekend staan en daarop fokus om alle vernaame aanloklikhede en hulpbronne in te span wat in die bemarkingsplan geïdentifiseer is.

Soos geleentheidsorganiseerder mnr Joe Lategan dit gestel het, "Ons beplan om 'n fees met baie klein fasette aan te bied - een wat verteenwoordigend is van alle kulture, ouderdomme en geslagte. Sodoende gaan besoekers nie net meer te wete kom van ons unieke biosfeer en die rykdom wat in die Kaapse Floristiese Koninkryk opgesluit lê nie, maar hulle gaan ook die geleentheid gegun word om aan ons verruklike disse te smul en om eerstehands te ervaar hóé gul Kleinmonders van nature is".

Nadere besonderhede oor die BigBlue-fees kan verkry word deur Madelain Coetzee by 028 271 5657 te skakel.

VALENTYNSKONSERT

Zappa-Mainolfi

Die talentvolle duo Zappa-Mainolfi beloof om op Sondag 14 Februarie hul Overstrand-gehoor weereens met 'n uitmuntende uitvoering te bekoor! Hierdie duo wat so goed by mekaar aansluiting vind, betree ons plaaslike verhoog vir die sesde keer en is bekend vir 'n sorgvuldige keuse van repertoire en die genotvolle inhoud van hul konsertprogramme.

Hierdie keer bevat die program die **Sonate vir Tjello en Klavier op. 119** (C-majeur) deur Sergey Prokofiev; Antonin Dvorak se **Rondo** (konsertstuk); Franz Schubert se **Arpeggione Sonate in A-mineur** en **Pezzo Capriccioso op. 62** deur Peter Tchaikovsky.

O·A·K
overstrand arts • kunste

Die konsert begin om 15:30 op Sondag 14 Februarie in Hermanus se ouditorium. Kaartjies kos R120 (R60 vir studente). Skakel BELLINI-GALERY by 028 312 4988 om te bespreek. Nadere besonderhede kan van die sekretaresse, René du Plooy, by 082 940 4238 verkry word.

NOUDAT JY DIE GEWOONTE AANGELEER HET OM PLASTIEKSTROOITJIES VAN DIE HAND TE WYS, KOM ONS GESELS BIETJIE OOR DAAI GEBOTTELDE LAFENISSIE...

Overstrand maak tans aktief voorspraak vir 'n verbod op alle enkelgebruik-plastiek in watter vorm ook al en in die Januarie uitgawe van die *Bulletin* het ons 'n bietjie ontstellende statistiek oor die gebruik van plastiekstrooitjies onder julle aandag gebring. In hierdie uitgawe, gaan ons die nodigheid om plastiekbottels te gebruik, bevraagteken en die verwoesting wat hierdie bottels en hul reste kan ontketen, in oënskou neem.

Volgens Plastiek SA is die tweede mees algemene item wat tydens kusopruimings aangetref word, die doppies van plastiekbottels, en is nommer vier op die lys die plastiekbottels aan wie daardie doppies behoort het. Dit maak mens bang, veral omdat munisipaliteite soos Overstrand groot moeite doen om verbruikersvriendelike herwinningsprotokolle daar te stel wat omgewingsbesoedeling van hierdie aard behoort teë te werk sonder om onnodige ongerief vir inwoners te veroorsaak:

Al wat jy hoef te doen, is om jou plastiekbottel, doppie en al, in 'n afsonderlike sak te druk.

Ons sal dit oplaai en seker maak dat daar op 'n gepaste wyse daarmee weggedoen word.

Hou in hierdie verband ook in gedagte dat 'n plastiekbottel wat by 'n grondopvullingsterrein beland, tot soveel as 500 jaar nodig het om af te breek. Sou dit verbrand word, sal dieselfde bottel 'n groot hoeveelheid toksiese walms tot gevolg hê wat uiters skadelik vir menslike gesondheid is.

'n Bietjie statistiek wat enigeen sal verbyster:

- 30 miljoen enkelgebruik-plastiekbottels word op 'n daaglikse basis wêreldwyd weggegooi.
- 27% van die enkelgebruik-plastiekbottels wat in die VS herwin word, beland op grondopvullingsterreine.
- Wêreldwyd word miljoene vate olie ingespan om aan die vraag na enkelgebruik-waterbottels te voldoen.

Kom ons ruil vervolgens 'n paar feite oor "gebottelde water" uit:

- 50 miljoen bottels water word jaarliks wêreldwyd verkoop.
- 40% van alle gebottelde water is inderwaarheid kraanwater.
- Om gebottelde water te produseer, kos 2000 keer meer aan energiekoste as om kraanwater te produseer.
- Danksy 'n wêreldwye veldtog om die verbruik van kunsmatigversoete koeldranke te verminder, neem die verbruik van water in enkelgebruik-plastiekbottels teen 'n verbysterende tempo van 10% per jaar toe.

Ongetwyfeld het die ontginning van die winsgewende mark vir gesonde, gebottelde drankies ons outjies wat belasting moet betaal, kwesbaar gelaat: maak nie saak hoe mens daarna kyk nie, dis ons wat agterna vir die koste moet instaan om die gemors op te ruim - geld wat ons elders beter kon aanwend.

Vervolgens 'n bietjie advies:

- Maak asseblief gebruik van Overstrand se herwinningsdiens - druk bloot jou plastiekbottel, proppie en al, in een van ons deursigtige sakke, los dit op die aangewese dag op die sypaadjie en ons sal na die res omsien.
- Selfs al is dit wensliker om water eerder as suikerhoudende koeldrankies of versoete vrugtesappe te drink, kan dit net tot voordeel van die omgewing, jou gesondheid en jou finansies strek as jy 'n glas of herbruikbare metaalwaterbottel sou aanskaf wat jy met kraan- of gesuiwerde water kan aanvul.
- Hou ook in gedagte dat herbruikbare plastiekwaterbottels dikwels bisfenol A (BPA) bevat, 'n industriële chemikalie wat met erge gevolge in kos en drankies kan insypel. Om daardie rede is dit onwys om waterbottels, veral daardie wat aan hitte blootgestel is, te herbruik.

Ter samevatting, ondanks die feit dat om plastiekbottels te herwin daarop neerkom dat ons aan grondstowwe en energie bespaar, moet ons nie uit die oog verloor hoeveel beter die omgewing en die seelewe daaraan toe sou wees as ons bloot verhoed het dat enkelgebruik-plastiekbottels in die eerste instansie in die sisteem beland het nie.

Om voorspraak te maak vir 'n verbod op die gebruik van enkelgebruikplastiek is in belang van almal aan wie Overstrand 'n tuiste bied - of dit nou mens of dier is. As jy graag jou sienings in hierdie verband wil deel of 'n bietjie raad aan te bied het, kontak gerus vir Fiona Matthes by e-pos fionamatthes@gmail.com

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Hoe om te registreer vir die Munisipaliteit se SMS-diens

SMS jou rekeningnommer met die letters **SMS** **na 082 338 1631** of kontak 'n Kliëntediens Beampte by jou naaste klientediens.